VOOR-GROENBERG
KWEKERYE | NURSERIES

NUUSBRIEF : OKT 2017

- Nuwe gesigte
- Rolbladvrye Tafeldruiwe
- Interesting White Wine Grapes
- Onderstokproduksies van 2014-2016
- Oranjerivier besoek
- ENTAV klone

NUWE GESIGTE

Koos van der Merwe, voorheen wingerdboukundige by Leeuwenkuil Family vineyards het by Voor-Groenberg Kwekerye aangesluit vanaf Julie 2017.

Hy sal vir Johan en Andrew ondersteun in wingerdkonsultasie, bestellings, advies en bemarking.

Kontak hom ook gerus vir enige navrae.

THOMPSON SEEDLESS ENTMATERIAAL

Thompson Seedless entmateriaal wat vry van rolblad toets is nou beskikbaar as geënte stokke. Daar is nog steeds heelwat belangstelling in Thompsons aangesien dit as tafel en droogdruiwe aangewend kan word. Beide ST430 en ST5 klone is beskibaar.

INTERESTING WHITE WINE GRAPES:

ALVARINHO:

Alvarinho (Portugese) or Abariñho (Spanish) is a white wine grape variety originanates from Northwest of Portugal and north of Spain. The grape varietal is well known for the peach and apricot aromas similar to Viognier and Petit Manseng. It is a high yielding variety with good vigour. High quality wines can be expected in cool regions. The vines of the clone AV1496 are commercial available.

MARSANNE:

Marsanne is 'n wit wyn cultivar en kom oorspronklik van Ermitage. Goeie kwaliteit wyn kan verbou word mits die produksie vlakke noukeurig bestuur word. Die spesifieke wit wyn is bekend daarvoor dat hy goed kan verouder. Marsanne en Rousanne is die wit kultivars wat hoofsaaklik in die Rhone verbou word.

Kontak Johan Wiese (082 801 9074); Andrew Teubes (082 577 7032); Koos vd Merwe (082 796 8848)
Tel: [021] 864 1018, e-pos: vgroenberg@vgb.co.za
Vir meer inligting: www.vgnurseries.co.za

ONDERSTOKKE GEBRUIK IN KWEKERYE VAN 2014 - 2017:



Die onderstok produksies van 2014 tot 2017 word weergegee in die grafiek links.

Slegs Ramsey en Paulsen se produksie getalle het toegeneem van 2014 na 2016.

Die droogte is waarskynlik die grootste rede tov die afname van aanplantings in 2017 en dit is duidelik sigbaar in die onderstok produksie en gebruike.

Dit is duidelik dat Ramsey en Paulsen nogsteeds van die gewildste onderstokke is wat elke jaar geent word. Die aanvraag na onderstokke soos 101-14, RUG140 en R99 het baie afgeneem, dus word minder geënt om meer Ramsey en Paulsen te kan lewer.

ORANJERIVIER BESOEK

Voor-Groenberg Kwekerye bly daartoe verbind om 'n bydrae tot die gemeenskap en die samelewing te maak.

'n Bemagtigingsgroep vanaf die Onderstepoort -, Oranjestroom - en Nuweland Boerderye het ons in Maart besoek. Onder kan gesien word hoe Johan hul deur die hele proses neem, van die enting tot hoe die Kwekery werk.

Baie dankie aan Narika Lategan wat baie insette lewer om hierdie besoeke moontlik te maak.

ENTAV

Voor-Groenberg Kwekerye het ENTAV klone-materiaal gevestig om entmateriaal te geproduseer. Klone wat nou gevestig is en in die toekoms beskikbaar sal wees is:

Variëteit	Kloon
Cabernet Sauv	CS412
Tempranillo	TP776
Malbec	MC598
Mourvedre	MT450
Grenache Noir	GN1064
Grenache Noir	GN513
Cinsaut Noir	HE92
Merlot	MO343
Petit Verdot	PR1058
Colombar	CO553
Marsanne	MV574
Sauvignon Blanc	SB905
Semillon	GD173
Ugni Blanc	SE480
Sauvignon Blanc	SB376
Rousanne	RJ468
Chenin Blanc	SN880
Mourvedre	MT450
Viognier	VR1042
Vermentino	WE856

WINTER 2017 – WANNEER MOET EK PLANT EN WAT GEMAAK MET MY WATER?

UITDAGINGS 2017

WATERBESTUUR

1. *WINGERDBOUKUNDIGE PRAKTYKE*
2. *PRIORITEISERING VAN WATERVERBRUIK*

Elke streek verskil ten opsigte van beskikbare water vanjaar en so ook verskil plase en produsente se filosofieë oor die verbruik en prioritisering daarvan. Dit is egter belangrik dat die volgende faktore in ag geneem moet word wanneer wingerd aangeplant, bewerk en bestuur word vanjaar:

1.Klimaat

Reenvalsyfers en temperatuur veranderinge het 'n groot invloed op jou besluitneming tov wanneer jy gaan plant. Hier is 'n tabel van die damvlakke soos dit huidiglik staan in die Wes-Kaap in vergelyking met verlede jaar dieselfde tyd.

Dam	21/08/2017	2016
Bergrivier	47,7	62,2
Brandvlei	24,8	46,4
Clanwilliam	29,8	97,3
Elandskloof	30	73,4
Steenbras - Onder	26,9	62,3
Steenbras - Bo	91,3	99,2
Theewaterskloof	23,9	49,1
Voëlvlei	22,9	57,7
Wemmershoek	40,1	69

Bron: Dept of Water & Sanitation WC



Bron: Wingerdbou Suid-Afrika

2.Grondtipe

Die tekstuur, struktuur, diepte en voghouvermoë van die grond gaan bepalende faktore wees wanneer jy jou finale bestuursplan saamstel.

3.Waterkwaliteit

Wingerd het 'n matige tot goeie weerstand teen soute/ brak. Die water waarmee besproei word bevat soute en/ of sekere elemente wat noodsaaklik is vir die groei van wingerd maar wat ook toksies kan wees indien dit bo sekere vlakke voorkom. Dit kan 'n direkte (Voedingstof opname) of indirekte effek (Versouting van die grond) op die plant hê.

Natrium (Na+)	*< 120 ppm (80)*
Chloor (Cl-)	*< 150 ppm (80)*
Geleiding (EC)	*< 170 mS/m (100)*
TDS	*< 1000 ppm (640*

4. Waterbehoefte van die Bo-stok/Onderstok kombinasie tydens verskillende groeistadia in die onderskeie streke of omgewings.

5. **Besproeiingsmetodes en skedulering**

Prioritisering van Waterverbruik

Jongwingerd vs Bestaande wingerde
Ander gewasse
Huishouding